Uitnemendheid in klaskamerpraktyk: OLSOB

Carin Taute – Carel du Plessis Spesiale Skool vir dowes (Vrystaat)

Hierdie ongelooflike vrou het 21 jaar onderwyservaring, waarvan die laaste vier jaar by Carel du Toit Spesiale Skool vir Gehoorgestremde en dowe leerders. Die kinders by die skool se ouderdom wissel van 3 jaar to Graad 3 en almal dra gehoorapparate of het 'n kogliêre implanting. Hierdie leerders leer om ten minste een taal goed as hul taal van kommunikasie te praat. Geen gebaretaal word aangeleer nie. Die hoofdoel van onderwys by Carel du Toit is om die leerders aan die einde van Graad 3 terug te plaas in Hoofstroomonderwys.

Carin se opleiding in kunsterapie stel haar in staat om met leerders met min of geen taal te kommunikeer deur hul tekeninge. Carin gee ook blokfuitlesse vir leerders in Graad R tot 3, wat help om leerdertjies se mondspiere te ontwikkel wat weer help vir beter uitspraak. Die klassies is klein met nie meer as 8 leerdertjies in 'n klas nie. Elke leerder het 'n individuele ontwikkelingsplan wat so saamgestel word dat die kleintjie op sy eie vlak van ontwikkeling en funksionering ontmoet word. Carin sluit haar motivering so af: "Ek leer dowe kinders praat. Ek gee hulle 'n toekoms waar hulle in 'n groep die gesprek kan volg, aktief kan deelneem en hulle mening kan gee. Deur taal ervaar hulle dat hulle iemand is wat waarde het, mense hoor wat hulle sê en luister. Wanneer hulle my klas verlaat aan die einde van die jaar en hulle kan lees en hulself voorstel aan 'n besoeker en sê: My naam is Karabo. Hoe gaan dit? Met my gaan dit goed. Dan is ek gelukkig. Dan was ek die beste juffrou wat ek kon wees."